# Hoërskool McLachlan

Posbus 3
Joubertina
6410

042-9402775
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 24/02 2023

Geagte Ouers/Voogde

1. **Gelukwensing:**
   - Mev. Simoné van der Mescht is tydens die naweek se Landsdiensleiersberaad verkies tot die Oos-Kaapse landsdiensbestuur as ondervoorsitter, sekretaresse en bemarker. Die termyn strek oor 3 jaar.
   - Mej. Zelda Coetzee het as Wise Eye-leesterapeut gekwalifiseer. Dit kan tot voordeel van ons kinders se leesvermoë gebruik word.

2. **Graad 12-Intervensie: Herfs-vakansieprogram:**

| Datum: | Tyd: | Vak: | Onderwyser: |
|---|---|---|---|
| 4 April 2023 | 09:00 tot 12:00 | Wiskunde<br>WG | V. Bredenhand<br>S. Pienaar |
| 5 April 2023 | 09:00 tot 12:00 | Wiskunde<br>WG | V. Bredenhand<br>S. Pienaar |
| 6 April 2023 | 09:00 tot 12:00 | Wiskunde<br>WG | V. Bredenhand<br>S. Pienaar |

3. **Graad 12-Winterskool:**
   Datum: 10 – 14 Julie 2023.

   Die program sal nader aan die tyd deurgegee word.

4. **ESKOM-Expo vir jong wetenskaplikes:**
   Hoërskool McLachlan bied 'n werkswinkel op 28 Februarie 2023 aan om leerders en onderwysers in te lig oor wat die EXPO is, waar om idees te kry vir projekte, en hoe om die wetenskaplike metode toe te pas en 'n projek te beplan en uit te voer. Meer inligting oor die Expo is te kry op die webtuiste https://exposcience.co.za/.

   Die werkswinkel begin tydens skoolure om 13:00, maar leerders sal vanaf 12:30 reeds na die George McLachlan-saal beweeg in 'n groep, wat leerders van graad 4 tot 11 insluit. Die werkwinkel sal afsluit teen 15:00, waarna leerders die sportbus huis toe kan neem Ons is geëerd dat Hoërskool Paul Sauer ook 'n span leerders en onderwysers stuur. Ek hoop dat daar heelwat leerders gaan wees wat besef dat hulle ook projekte suksesvol kan aanpak en deurvoer, en wat dan gereed sal wees om hulle projekte in Augustus 2023 by die jaarlikse Wetenskap Expo in Gqerberha ten toon te stel. Leerders wat deurgaan na die nasionale kompetisie in Johannesburg, in Oktober, kan groot pryse wen en selfs internasionaal gaan deelneem.

herotel
IGEN

Ouers van betrokke leerders het vandag 'n briefie met 'n afskeurstrokie ontvang.

5. **<u>Landsdiens</u>:**
Ons eerste kamp vind vanaf 3 – 5 Maart by die VCSV- kampterrein te Jeffreysbaai plaas. Kostes beloop R550 vir die hele naweek. Inskrywingsvorms is by juf. Simoné beskikbaar.

Die landsdiens en ATKV- lede gaan "Joubertina" 'n bietjie wit verf op Saterdag, 25 Februarie, teen die berg. Indien daar enige mense is wat saam met die organisasies wil gaan verf, kan julle gerus die skool kontak.

<u>Toekennings</u>:
5 van ons lede het die week hulle eerste toekenning ontvang.

| | |
|---|---|
| <u>Steenbok toekennning</u>: | Le Roux Muller |
| | Ockert Koorzen |
| | Jumaré Murray |
| | Melandrie van der Mescht |
| <u>Silwer prestasie</u>: | Sarah Labuschagne |

Baie geluk aan die leerders.

6. **<u>Finansies</u>:**

- <u>Kopieerkoste</u>:
Die kopieerkoste is R550 per leerder per jaar en moet teen 31 Maart 2023 ten volle vereffen wees. Die huur van die fotostaatmasjiene, aankoop van papier en ink plaas 'n groot finansiële las op die skool, dus is elke ouer se bydrae van uiterse belang. Die leerders van HS McLachlan ontvang kwaliteit onderrig en daarvoor is ouers se konstante bydrae baie belangrik.

- Ons versoek ouers wat skoolfonds per EFT of by die OTM betaal, om u kind se naam en van op die verwysing te sit, en die betalingsbewys na mev. Mattheus by admin@hsmclachlan.co.za te stuur. Skoolfonds en ander betalings kan nog steeds by die skool gedoen word, indien u nie van bogenoemde metodes gebruik wil maak nie.

| | | |
|---|---|---|
| Bankbesonderhede: | Bestuursliggaam HS McLachlan | |
| | ABSA Rekeningnommer: | 1970 430047 |
| | Tipe rekening: | Tjek |
| | Takkode: | 334415 |
| | Verwysing: | **Kind se naam en van** |

7. **<u>Sport</u>:**

- <u>Laerskoolatletiek</u>:
Die volgende atlete het tydens die Sarah Baartman-atletiekbyeenkoms uitstekende prestasies behaal en het medaljes ontvang:

<u>Eerste plekke</u>:

| | | |
|---|---|---|
| D 0/12 | Amoné Botha | Spiesgooi |
| S 0/12 | Matthys Wright | Spiesgooi |
| D 0/13 | Lilitha Ferreira | Spiesgooi |
| D 0/13 | Marnelle Oberholster | Skyfwerp |
| S 0/13 | Reyo-Nando van Rooyen | Spiesgooi |

herotel

Tweede plekke:

| | | |
|---|---|---|
| D 0/10 | Igné Ferreira | Gewigstoot |
| S 0/10 | Trent-Leigh Pieterse | 70m hekkies |
| S 0/11 | E.J. Meyer | 70m hekkies |
| S 0/12 | Jaundré Malambo | Spiesgooi |
| D 0/13 | Marnelle Oberholster | Gewigstoot |

Derde plekke:

| | | |
|---|---|---|
| D 0/13 | Kelvi-Nay Corneelse | Verspring |
| D 0/13 | Nikita Alberts | Spiesgooi en hoogspring |
| S 0/12 | Stefan Basson | 75m hekkies |

Ons sien uit om te weet wie die laerskool Sarah Baartmanspan gaan verteenwoordig.

Hoërskoolatletiek:
Baie geluk aan Hoërskool McLachlan se twee verspringers, Lea Cedras (0/14 ) en Corine Ntshudu (0/15) wat in die Sarah Baartmanspan opgeneem is.

- Krieket:
  0/11 het gelykop gespeel teen Laerskool Victory. Baie geluk aan Nicky Muller wat 72 lopies aangeteken het.

  Krieketwedstryde teen Laerskool Gamtoos volgende week is gekanselleer.

- Netbal:
  Baie geluk aan die volgende spelers wat deurgedring het na die Sarah Baartmanproewe:

| 0/12: | 0/13: | 0/14: |
|---|---|---|
| Amoné Botha<br>Limari Linde<br>Almirah Stephanus | Lilitha Ferreira<br>Alana Johnston<br>Cordé Ntsudu<br>Marnelle Oberholster<br>Nikita Alberts<br>Melandrie van der Mescht | Luzaan Venter<br>Jumaré Murray<br>Maricha Leeuw<br>Nicola van Jaarsveld |

| 0/15: | 0/16: | 0/17: | 0/18: |
|---|---|---|---|
| Corine Ntsudu<br>Feyolin Kapank | Ria-Mi Ferreira<br>Anno-Whick Leeuw<br>Gerbri Ferreira<br>Luzandi O'Connel<br>Hope Twigg<br>Shané Qwazi | Denique Ferreira<br>Elri van Jaarsveld<br>Samantha d'Assonville<br>Marliené Strydom | Petronique Claassen<br>Joe–Whitney September<br>Sjanique Alberts<br>Kim-Lynne Majolla<br>Johnay Cooper<br>Taryn Uithaler<br>Chanté Elford |

0/12-, 0/13-proewe vind plaas op Saterdag, 4 Maart, te Jeffreysbaai.

0/14- tot 0/18-proewe vind plaas op Saterdag, 11 Maart, te Humansdorp.

- Tennis:
  Die hoërskoolseuns het hul wedstryd teen Muir Kollege verloor.


  Donderdag, 2 Maart, speel die hoërskoolseuns en -dogters 'n wegwedstryd teen Kirkwood.

herotel

- **<u>0/13-Rugbyproewe</u>:**
  Baie geluk aan die volgende spelers wat deur is na die volgende rondte proewe wat op Maandag, 27 Februarie, by Laerskool Jeffreysbaai plaasvind.
  Reyo-Nando van Rooyen
  Ockert Koorzen
  Dylan Charli
  Angelo Gxokela

- <u>Wittedrift-sportdag</u>:
  Saterdag, 4 Maart, vind die Loeriesportdag plaas, te Hoërskool Wittedrift. Netbal 0/14 – 0/16; rugby 0/16 en 1ste span. Ons vra dat leerders oefeninge gereeld sal bywoon.

8. **<u>Willekrulle-dag</u>:**
   Vrydag, 3 Maart, Willekrulledag teen R2. Dit is ‘n fondsinsameling vir sport.




C.J. STUURMAN
Skoolhoof: Hoërskool McLachlan
tituscelestine@yahoo.com
Posbus 3, Joubertina, 6410
Oos-Kaap, Suid Afrika
Tel: +27 (0) 42 940 2775
Cell: +27 (0) 64 650 9453


Hoërskool McLachlan

herotel
McLachlan Internet Fasiliteit